

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad, Suidwes-Afrika
9 Februarie 1969

Onderwerp: Verlange na die paradys

Lees: Openbaring 2 verse 1 tot 17
Johannes 3 verse 1 tot 16

Teks: Openbaring 2 vers 7

Sing: Psalm 68 vers 1; Gesang 128 verse 6;
Gesang 125 vers 5

“Broers en Susters die Woord van God begin met ’n paradys verhaal en eindig met een - die ewige paradys van God. En tussen hierdie twee paradyse staan die mens in sy sonde en ellende - verlore, veroordeel en vervloek. (Gal 3:10)

“In sy oorsprong is die mens ’n kind van die paradys, geskape na die beeld en gelykenis van God. Dit is in ware kennis, regverdigheid en heiligheid, sodat hy God, sy Skepper, reg kan ken; Hom van harte kan liefhê en met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys - soos die Heidelbergse Kategismus dit so treffend stel. Daar is dan ook in elke mens se hart ’n verlange na God. ’n Verlange na die paradyslewe - al noem hy dit by ander name en soek hy dit op allerlei verkeerde plekke.

“Augustinus het gesê: die mens bly immers onrustig in homself, totdat hy rus vind in God. So soek baie na geluk en vreugde, na vrede en liefde en allerlei ander dinge, selfs op sondige plekke en wêreldse plesier - want diep in sy wese is daar ’n drang na die rus en die liefde van God.

“Die heiden buig voor sy afgode of aanbid ’n voorvadergees, of werp sy kind voor verskeurende ondiere as gevolg van sy ingeskape drang na God.

“Die Kommunis en die Athêis, wat nie in God wil glo nie, soek ook na die paradyslewe en noem dit Utopia, ’n gelukstaat op aarde, in sy poging om die drang na God op ’n materialistiese wyse met ’n valse gerusstelling te bevredig.

“Die feit bly egter staan dat daar geen ware rus en vrede of liefde vir die skepsel van God te vinde is nie, behalwe daar waar hy, soos die paradyskind wat hy van oorsprong is, weer in die regte verhouding met sy Skepper staan.

“Vandag sal jy met My in die paradys wees’ het Jesus aan die misdadiger langs Hom aan die kruis gesê.

Buite God en sonder God is daar vir die mens geen paradysgeluk nie; en tevergeefs soek hy dit in ander ideologieë, of gelowe, of rykdom, aansien, of wêreldse plesier, soos so baie helaas probeer.

“Nee, die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, word ons deel alleen deur die geloof in Jesus Christus en sy soenverdienste. (Fil 4:7 en Rom 6:23)

“Die Woord van God leer duidelik dat alle mense deur die sondeval buite die paradys lewe, totdat hulle in Christus wedergebore word en deur die geloof in Jesus Christus die oorwinning behaal. Soos ook in ons teks staan: ‘Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.’

“Die eerste mensepaar het God goed en na sy beeld geskape en hulle in die paradys geplaas. Daar was volkome geluk, vrede en harmonie. Daar was geen wanklank, geen doring of distel, geen pyn of smart, haat of nyd nie. Alles was mooi en goed. Die mens het die vrye omgang met sy Skepper gehad. Hier was hy ’n beelddraer van God en ’n gelukkige paradyskind.

“Maar deur die toedoen van die Satan het daar ’n verskriklike skouspel plaasgevind. In die gedaante van ’n slang verlei hy die mens om die proefgebod van God te oortree en die leuens van die duiwel te gehoorsaam bó die bevel van God. En só dompel hulle, hulself en die hele mensdom in sonde en ellende. Die beelddraer van God word nou beelddraer van Satan.

“Die gelukkige paradyskind word nou kind van verderf. Sy geluk en vrede is verlore, sy onskuld en reinheid is bederf, sy geregtigheid en heiligheid verrinneweer en so word hy verdryf uit die paradys.

“Selfs die aarde het weens die mens se ongehoorsaamheid onder die vloek van God gekom. Dit moes nou distels en dorings lewer en die mens sou in die sweet van sy aangesig sy brood verdien. Nou neem haat en nyd, selfsug en afguns, goddeloosheid en ongeregtigheid van die mens besit en hy kom in opstand teen die geboorte van God. Kain slaan sy broer Abel dood en sedeloosheid en onreinheid neem só toe dat God berou het dat Hy die mens gemaak het.

“In Romeine 1 verse 21 tot 32 vind ons ’n skokkende beskrywing van die mens se boosheid en goddeloosheid en van die ongeregtigheid, sedeloosheid en verrotting van die gevalle mensheid. Geen wonder nie dat God sy toorn vanaf die hemel openbaar en Homself ’n verterende vuur oor die sonde en ongeregtigheid noem in Hebreërs 12 vers 29.

“Wat ’n afgryslieke beeld, wat ook geld vir die twintigste eeuse mensdom in sy verlore toestand, sonder God en sonder hoop buite die paradys en onder die ewige vloek van ’n regverdige en heilige God - in wie se hand dit vreeslik is om te val weens Sy oordeel.

Goddank is alles egter nie vir die sondebelaaide en sondeverslaafde mens verlore nie. Jesus Christus, die tweede Adam, het in die volheid van die tyd gekom om te herstel wat die eerste Adam verbrou het. Om te herwin wat vir die mens verlore was en om die sondaar te herskep tot kind van God en die verwronge beeldraer te hernu na die bleed van God. (Ef 4:23,24) Deur die soenverdienste van Jesus Christus aan die kruis word die paradys van God weer oopgestel vir elkeen wat glo. Ja vir elke verdwaalde skaap en berouvolle sondaar wat Hom as Saligmaker en Heiland aanbid.

“Die bese bedorwe mens kan dus gered word en kan weer die vreugde en geluk van die paradyslewe bekom deur die geloof in Jesus Christus.

“Die helverdiende sondaar kan vrygespreek word van sy sonde en vervloeking omdat die Seun van God uit liefde vir die verlore wêreld gesterf het op Golgota. (Joh 3:16)

“Broers en Susters, die paradyspoort is weer oop en Jesus nooi ons om in te gaan en met Hom in die ewige paradys van God te lewe. Op aarde kan ons dan ook reeds ’n voorsmaak van hierdie lewe vind deur vrede by God en rus vir ons siele by Jesus te vind. (Mat 11:28) ‘Kom na My toe - Ek sal julle rus gee.’

“‘Aan hom wat oorwin, sal Ek gee ...’ Dit is Sy voorwaarde aan elkeen wat soek na die paradys - geluk en lewe:

“‘Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is’ (1 Joh 5:5) en ‘hy wat die Seun het, het die ewige lewe.’

“Broers en Susters so kan u lewe, deur Jesus deur die geloof aan te neem en toe te eien as u persoonlike Saligmaker en Verlosser. Weet dan dat u die ewige lewe het (Joh 1:12) sonder dat u ooit hoef te twyfel, want sy belofte is onfeilbaar en waar. (2 Kor 1:20)

“Op die vraag van die Heidelbergse Kategismus naamlik: word alle mense dan weer in Christus salig, soos hulle in Adam verdoem is, lui die antwoord: Nee (nie almal voor die voet nie) maar alleen dié wat in Hom deur ’n ware geloof ingelyf is en al sy weldade aanneem.

“Broers en Susters, is u reeds ingelyf in Jesus Christus deur hierdie ware geloof? Dan het Hy ook vir u gesterwe - ook vir u die volle prys betaal. Hy het u skuld betaal om u ook van die vloek los te ruk.

“Bid dan saam in die geloof met die Gesange digter:

“U Jesus, met my skuld belade

“U het gedra my sonde straf.

“U’t God behaag en in genade

“wend Hy van my sy oordeel af.

“Ek skuldig en van God verdrewe

“het vêr van Eden af bly staan.

“U kruis, die boom van nuwe lewe,

“het Eden’s poort weer oop laat gaan.’

“Amen.”